# GEBRUIKE EN GEWOONTES IN DIE BYBEL

## Deel 1: Die Boek Genesis

*prof. Gerrit Smit*

Stel jou voor jy stap deur 'n antieke tent in die Negev-woestyn. Die geur van vars gebraaide brood hang in die lug. 'n Vreemdeling nader jou, en sonder 'n oomblik se huiwering, val die vreemdeling jou om die nek en omhels jou en vra of jy iets wil eet?

Kort voor lank sorg die huisgesin vir water, kos en rus. Om die vreemdeling in jou woning in te neem was 'n heilige plig. Dit is die leefwêreld in die tyd van Genesis.

Die boek Genesis word dikwels eerder gebruik as die teologiese fondament van die hele Bybel, weens die ryk teologie van die eerste elf hoofstukke, as wat dit gelees word vir die gebruike en gewoontes van die tyd.

Genesis is inderdaad veel meer. Dit is 'n venster op die sosiale wêreld van die aartsvaders, met hulle gewoontes, rituele, verbondsluiting en alledaagse menslike lewens.

In die verhale van Abraham, Isak, Jakob en Josef word gebruike beskryf wat vir die moderne leser vreemd kan voorkom, maar wat binne hulle antieke Naby-Oosterse konteks noodsaaklik was.

En hier lê die fassinerende van Genesis: God kies om Homself nie buite hierdie gewoontes te openbaar nie, maar daardeur. Die alledaagse lewe van gewone mense word die plek van God se openbaring en genade.

## 1. Verbondsluiting

In die antieke Nabye Ooste was 'n verbond of ooreenkoms nie iets wat met 'n handtekening vasgestel of beseël is nie. Dit was 'n dramatiese, rituele handeling wat die partye se absolute toewyding aan die ooreenkoms simboliseer. En ons sien hierdie gebruik op sy hoogtepunt in Genesis 15, in wat ook die "verbond van die stukke" genoem word.

Abram sny verskillende diere middeldeur en plaas die helftes teenoor mekaar. In die antieke wêreld was hierdie ritueel die simboliese manier om 'n selfvloek op te neem. Die partye stap tussen die stukke deur en verklaar simbolies: "As ek hierdie verbond verbreek, mag dit met my gaan soos met hierdie diere". Die bloed en dood van die diere was die waarborg dat die een wat die verbond sluit, getrou sal wees.

> *En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkel tussen dié stukke vleis deur.*
>
> **— Genesis 15:17**

Maar Genesis bring 'n hele nuwe dinamika na die gebruik toe. Dit is nie Abram wat tussen die stukke deurbeweeg nie, hy lê in 'n diepe slaap (vers 12). Dit is God wat alleen, in die gedaante van rook en vuur, tussen die diere deurloop. God neem die volle verantwoordelikheid vir die verbond op Homself. As die verbond verbreek word, sal God die gevolge dra. Dit is 'n eensydige genadige verbond, want Abram kan nie die verbond uit sy eie hou nie en sou beslis sterf as dit van hom afgehang het.

In Genesis 17 word die verbond verder bevestig deur die teken van die besnydenis. Dit was 'n gebruik wat reeds by ander Nabye-Oosterse kulture voorgekom het, maar hier 'n radikaal nuwe betekenis kry. Die liggaam word die teken van God se beloftes. Elke geslag sou voortaan self letterlik die verbondsteken saam met hulle dra.

## 2. Gasvryheid

Vir die meeste mense vandag is gasvryheid iets vrywillig. Ons beskou dit as 'n vriendelike keuse om mense te verwelkom. In die antieke Nabye Ooste was dit 'n morele verpligting waarop mense se lewens afgehang het. Daar was nie hotelle en oornagplekke in hierdie woestynlandskap waar die son dodelik kan wees nie. In hierdie omstandighede was 'n gasheer letterlik iemand se redder van die dood.

Die maatstaf van hierdie gasvryheid sien ons in Genesis 18, een van die merkwaardigste tonele in die Bybel. Drie vreemdelinge verskyn by Abraham se tent by die terpentynbome (sommige vertalings vertaal dit met eikebome) van Mamre. Abraham se reaksie is onmiddellik soos verwag sou word van 'n goeie gasheer:

> *Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom. En toe hy hulle sien, loop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig hom na die aarde toe. En hy sê: My heer, as ek nou genade in u oë gevind het, gaan dan tog nie by u kneg verby nie.*
>
> **— Genesis 18:2-3**

Abraham, 'n bejaarde man, hardloop om sy gaste tegemoet te gaan. Dit is 'n teken van eer en dringendheid. Hy kies die beste kalf. Sara bak vars brood. Die maaltyd is uitgebreid. En dit alles vir mense van wie hy niks weet nie.

Die verrassing is dan nog groter: hierdie vreemdelinge is goddelike boodskappers. Gasvryheid word die ruimte waar die mens God self ontmoet. Dit is nie toevallig dat die Nuwe Testament hierop wys nie:

> *... want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.*
>
> ***— Hebreërs 13:2***

## 3. Eersgeboortereg

In die antieke Nabye Ooste was die eersgeboortereg 'n sosiale instelling met wetlike swaartekrag. Die eersgeborene het 'n dubbele erfdeel ontvang, het die familiehoof geword na die vader se dood, en het gesag oor die res van die broers uitgeoefen. Om die eersgeborene te wees, was om reeds voor jou tyd 'n bevoorregte posisie in te neem.

En tog is een van die opvallendste patrone in Genesis die konsekwente omkering van hierdie gebruik. God kies herhaaldelik (in menslike oorweginge) die "verkeerde" persoon:

- Ismael is die eersteling, maar Isak is die kind van die belofte.
- Esau kom eerste uit die moederskoot, maar Jakob ontvang die seën.
- Ruben is Jakob se eersgeborene, maar die leierskap gaan na Juda en Josef.

> *Hierdie herhalende patroon het 'n teologiese verklaring: God se uitverkiesing werk nie volgens menslike voorwaardes nie. Genade is nie die beloning vir jou plek in die samelewing nie. God kies vryelik, en dikwels verrassend en dit is juis wat dit genade maak.*

Die bekendste voorbeeld is die verhaal van Jakob en Esau (Genesis 25, 27). Esau verkoop sy eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop. Dit was 'n ondeurdagte oomblik wat later nie ongedaan gemaak kan word nie. Isak se seën oor Jakob, al is dit deur bedrog verkry, kan nie herroep word nie. As die seën eers uitgespreek is, kan dit nie verander nie. En God bring so sy plan, selfs deur gebroke, sondige mense, tot uitvoering.

## 4. Huwelik en nageslag

Geen tema in Genesis veroorsaak sóveel spanning as die kwessie van ‘n nageslag nie. God belowe vir Abraham kinders soos die sterre van die hemel, maar Sarai is onvrugbaar, en die jare gaan verby. Die spanning tussen die belofte en die werklikheid, is die kern van die aartsvaderverhale.

Die gebruik van surrogaatskap, waar 'n onvrugbare vrou haar slavin aan haar man gee om kinders in haar naam te baar, was in die antieke Nabye Ooste welbekend en wetlik erken en sulke kinders word as wettige nageslag beskou. Twee voorbeelde hiervan kry ons in die argeologie in buite-Bybelse tekste. In die Mari-tekste en die Nuzi-tekste van Mesopotamië word dieselfde praktyk as hier in Genesis beskryf. Sara gee Hagar aan Abraham (Genesis 16); later gee Ragel vir Bilha aan Jakob (Genesis 30).

> *En Sarai het vir Abram gesê: Jy weet, die Here het my nie toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai geluister.*
>
> **— Genesis 16:2**

Maar Genesis wys ook op die gebrokenheid van hierdie menslike oplossing. Hagar kyk neer op Sarai; Sarai word verbitter; Hagar en Ismael ly daaroor en moet vlug. Die verhaal oordeel nie die gebruik direk nie, maar die teks self onthul dat menslike manipulering nie God se belofte vervang nie. Die kind van die belofte was Isak. Hy word op God se tyd gebore en op God se manier.

Ewe interessant is die ontmoeting by die put. Wanneer Abraham se dienaar vir Rebekka vind (Genesis 24), en wanneer Jakob Ragel ontmoet (Genesis 29), gebeur dit by 'n put. In die antieke Nabye Oosterse literatuur was die put 'n erkende ruimte vir huweliksreëlings. Dit was 'n soort sosiale ontmoetingsplek waar enkellopende mans gaan soek het na vroue. Genesis gebruik hierdie bekende kulturele gebruik, maar plaas dit in 'n verhaal van goddelike voorsienigheid.

## 5. Sterfbedwoorde

In die antieke wêreld het elke woord iets geweeg. Ons kan vandag maklik woorde terugtrek, herformuleer, vergeet. Maar in die antieke wêreld, en veral in die Bybel, was iemand se woord 'n krag wat die werklikheid skep.

Die vaderlike seën in Genesis is seker die duidelikste voorbeeld hiervan? Wanneer Isak in Genesis 27 vir Jakob seën in plaas van Esau, probeer Esau dadelik om dit reg te stel. Maar dit is te laat:

> *Toe skrik Isak geweldig en sê: Wie is dit dan wat wild gejag en vir my gebring het? En ek het van alles geëet voordat jy gekom het, en hom geseën—ook sal hy geseënd bly!*
>
> **— Genesis 27:33**

Die vader se seën is nie 'n gelukwens nie. Dit is 'n werklikheid wat geskep word deur die woord van die vader. Dit klink onlogies vir die moderne mens, maar dit reflekteer 'n gevestigde Bybelse oortuiging: jou “ja” is “ja” en klaar en niemand kan dit verander nie. Dit gee ‘n besondere betekenis aan God se seën oor die mens (Genesis 1:26-28). Die menslike vader se seën is 'n afspieëling van daardie seën van God.

Jakob se seëninge oor sy twaalf seuns in Genesis 49 funksioneer byna as profetiese uitsprake. Elke seun ontvang 'n seën wat sy toekoms en die toekoms van sy stam voorspel. Dus was iemand se sterfbedwoorde beskou as onveranderlik en 'n rigtinggewende handeling vir die toekoms vir die een aan wie dit gegee was.

## 6. Naamgewing

In Genesis is 'n naam nooit bloot net ‘n manier om iemand uit te ken nie. God verander Abram se naam na Abraham (“Vader van baie nasies”) en Sarai na Sara. Dit was veral gedoen as tekens van 'n nuwe roeping en identiteit (vgl. Genesis 17). Die naamsverandering is 'n verbondsdaad. So ook word Jakob se naam verander na Israel na sy worsteling met God by die Jabbokrivier (Genesis 32).

> *Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.*
>
> **— Genesis 32:30**

Plekname kry ook teologiese betekenis in Genesis: Betel (“Huis van God“) waar Jakob droom van die leer uit die hemel; Pniël waar hy met God worstel; Berseba waar God in die woestyn verskyn, is enkele voorbeelde. Deur die naam van die plek te verander is bely: God was hier. Hierdie plek sal nooit meer dieselfde wees nie.

Selfs kinders se name het teologiese verklarings gehad. Josef beteken "mag Hy byvoeg" wat 'n gebed van Ragel in haar vreugde was. Benjamin, aanvanklik Ben-oni ("seun van my smart") vir die sterwende Ragel, word deur Jakob herdoop tot "seun van my regterhand" wat sy liefde vir die seun uitdruk en sy verwerking van die pyn van Ragel se dood (Gen. 35).

## Samevatting

Wat maak Genesis só fassinerend? Nie net die groot teologiese waarhede nie. Dit is die feit dat God hierdie waarhede inweef in die gewone, soms deurmekaar, soms skandalige werklikheid van die menslike lewe.

God openbaar Homself nie bo die gebruike en gewoontes van mense nie. Hy werk daardeur, en soms om dit heen, maar nooit los daarvan nie.

> *Genesis leer ons dat die alledaagse gebruike van mense die verhoog word waarop God se verlossingsgeskiedenis afspeel. Die gewone lewe word die plek van God se openbaring. En dit is juis hier waar die teks vir ons 'n groot troos bring, want ons leef ook in 'n alledaagse wêreld. En God is ook hier aan die werk.*

*In die volgende aflewering van hierdie reeks, kyk ons na die gebruike en gewoontes in die boek Eksodus.*